*Historical and ecclesiastical records regarding James (the Just), the brother of Jesus and author of the Epistle of James, emphasize a life of extreme asceticism and* ***persistent prayer.***

*The "**Old Camel Knees**" Tradition*

*Hegesippus provides the most famous description of James's prayer life: James frequently entered the Temple alone to **pray** on behalf of the people. He was often found **kneeling and interceding** for the forgiveness of the people. Due to the extraordinary amount of time spent **kneeling in prayer**, Hegesippus records that James's knees became "**callous like those of a camel**." This led to the historical nickname "**Old Camel Knees**"*

*This historical record aligns with the emphasis on prayer found in the Epistle of James, which contains some of the New Testament's most direct instructions on the* ***prayer****.*

*According to Clement of Alexandria and Josephus Antiquities, James was martyred in Jerusalem (c. 62 AD). Traditional accounts state that even while being stoned after being thrown from the Temple pinnacle, James* ***knelt and prayed****: "I beseech thee, Lord God Our Father, forgive them, for they know not what they do."*

# Billy Graham – 2010 Interview

*"I would study more. I would* ***pray more****, travel less, take fewer speaking engagements. I took too many of them in too many places around the world," he said. "If I had it to do over again,* ***I'd spend more time in meditation and prayer*** *and just telling the Lord how much I love Him and adore Him and [am] looking forward to the time we're going to spend together for eternity."*

# DIE KRAG VAN GEBED



# Jak 5:16

*....Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag..*

# WAT IS GEBED?

**Oxford Languages**

*a solemn request for help or expression of thanks addressed to God or another deity.*

*'n plegtige versoek om hulp of dankbetuiging gerig aan God of 'n ander godheid.*

***Hebrew***

*Transliteration: **pâlal***
*Phonetic: paw-lal'*

*to **intervene**, interpose, pray*

# Greek

*Transliteration:* ***proseuchomai***
*Phonetic: pros-yoo'-khom-ahee*

*Thayer Definition: to offer prayers, to pray*

*Strong's Definition: to pray to God, that is,* ***supplicate, worship:*** *- pray earnestly, pray for, make prayer.*

# *FIL 4:6*

*[6] Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur **gebed** en **smeking** met **danksegging** bekend word by God.*

**Opsomming**

*Gebed is dus n gesprek of 'n persoonlike uitdrukking teenoor God waarin ons iets vir onsself vra, of iets vir of namens ander vra, of aan God dank of eer betuig (wat ook bekend staan as aanbidding.)*

## *Die beginsel van eersgenoemdes*

***GÉN 20:7*** *Gee dan nou die man se vrou terug, want hy is 'n profeet; en hy sal* ***vir jou bid****, dat jy kan lewe.*

## *Die beginsel van eersgenoemdes*

***MATT 5:44*** *Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en* ***bid*** *vir die wat julle beledig en julle vervolg;*

# HOEKOM GEBED?

*Ons het nodig om met Hom te doen wat ons met enige ander persone doen met wie ons verhouding het – **kommunikeer**.*

*Geen verhouding bestaan sonder kommunikasie nie.*

*En hoe doen ons dit? Deur ons mond oop te maak en te praat.*

*Maar ons het n probleem...*

*God het nie 'n landlyn, of 'n selfoon of 'n instap kantoor nie. So dus is die antwoord gebed.*

- *Ons **vra** Hom – ons is afhanklik van Hom, want ons kan niks sonder Hom doen nie.*
- *Ons **dank** Hom – ons is dankbaar teenoor Hom want sonder Hom sal ons niks hê of geniet nie.*
- *Ons **eer** Hom – ons bewonder Hom vir sy grootheid, getrouheid, genade, liefde en almag.*

# Ons **vra** Hom

***JOH 15:5*** *Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want* ***sonder My kan julle niks doen nie****.*

***JAK 4:2*** *Julle begeer en* ***julle het nie****, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog,* ***en julle het nie****,* ***omdat julle nie bid nie.***

# Ons **vra** Hom

***MAT 7:7-11 Bid**, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat **bid**, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom **bid**!*

# Ons **vra** Hom

***II KON 20:1-7*** *IN dié dae het Hiskía dodelik siek geword; en Jesaja, die seun van Amos, die profeet, het by hom gekom en vir hom gesê: So spreek die Here: Gee bevel aan jou huis, want jy sal sterwe en nie lewe nie. Toe draai hy sy gesig na die muur,* ***en hy het gebid*** *tot die Here en gesê:* ***Ag, Here, dink tog daaraan dat ek voor u aangesig in trou en met 'n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed is in u oë.*** *En Hiskía het bitterlik geween.*

# Ons **vra** Hom

*En Jesaja het die middelste voorhof nog nie uitgegaan nie of die woord van die Here het tot hom gekom en gesê: Draai om en sê vir Hiskía, die vors van my volk: So spreek die Here, die God van jou vader Dawid:* ***Ek het jou gebed gehoor****, Ek het jou trane gesien; kyk,* ***Ek sal jou gesond maak****; op die derde dag sal jy opgaan na die huis van die Here.*

# Ons **dank** Hom

***FIL 4:6*** *Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met* ***danksegging*** *bekend word by God.*

***KOL 3:17*** *En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en* ***dank*** *God die Vader deur Hom.*

# Ons **dank** Hom

***JOH 6:11*** *En Jesus het die brode geneem, en nadat Hy* ***gedank*** *het, deel Hy dit uit aan die dissipels en die dissipels aan die wat daar sit; so ook van die vissies, soveel as hulle wou hê.*

***LUK 22:19*** *Daarop neem Hy brood, en nadat Hy* ***gedank*** *het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis.*

# Ons **eer** Hom

*Wanneer ons in Afrikaans en Engels dink en bid, tref ons onderskeid tussen* ***Lofprysing*** *en* ***Danksegging****.*

*- In die ou testament word die woord "****thanksgiving****" vertaal na "****lof****" of "****prys****" in Afrikaans, maar is beide afkomstig van die Griekse woord,* ***tôdâh*** – wat **danksegging** en **lof/prys** beteken, en word wisselvormig gebruik.

# Ons **eer** Hom

*In die Ou Testament = Sterk klem op die gebruik van **lof en eer***

*In die Nuwe Testament – Sterk klem op die gebruik van **dank en danksegging***

*Maar in alle gevalle verteenwoordig die onderskeie woorde 'n soortgelyke gesindheid in gebed en word die betekenis duidelik deur die konteks.*

# Ons **eer** Hom

*Die* ***PSALMS*** *is 'n uitstaande versameling van gebede waar* ***danksegging en lofprysing*** *saam gerol word in aanbidding.*

# HOE LYK GEBED?

***Hande gevou?***

***Staan of kniel?***

***Oë toe of oop?***

***Lank of kort?***

***Saam of alleen?***

# Hande gevou?

*Daar is geen aantekeninge in die Bybel dat enige persoon ooit hulle hande gevou of saam geslaan het tydens gebed nie....*

*Die teendeel wel:*

# Hande gevou?

***I KON 8:22*** *Toe het Salomo voor die altaar van die Here gaan staan, teenoor die hele vergadering van Israel, en* ***sy hande uitgebrei na die hemel****....*

***PS 141:2*** *Laat my gebed soos reukwerk voor u aangesig staan, die* ***opheffing van my hande*** *soos die aandoffer.*

***I TIM 2:8*** *Ek wil dan hê dat die manne op elke plek moet bid en* ***heilige hande ophef*** *sonder toorn en twis.*

# *Staan of kniel?*

***STEPHANUS:*** *En hy het op* ***sy knieë neergeval*** *en met 'n groot stem uitgeroep: Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!...* ***(HAND 7:60)***

***PETRUS***: *En Petrus het almal buitentoe gestuur en* ***neergekniel*** *en gebid* ***(HAND 9:40)***

# ***Staan of kniel?***

***PAULUS***: *En ná hierdie woorde het hy* ***neergekniel*** *en met hulle almal saam gebid.* ***(HAND 20:36)***

***JESUS***: *En Hy het Hom van hulle afgesonder omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi, en* ***neergekniel*** *en gebid* ***(LUK 22:41)***

# Oë toe of oop?

*Daar is geen aantekeninge in die Bybel dat enige persoon ooit hulle oë toe gemaak het of "gesluit" het tydens gebed nie....*

*Die teendeel wel:*

# Oë toe of oop?

***JOH 11:41*** *Hulle neem toe die steen weg waar die oorledene lê. En Jesus het sy* ***oë opgeslaan*** *en gesê: Vader, Ek dank U dat U My verhoor het;*

***JOH 17:1*** *DIT het Jesus gespreek, en Hy het* ***sy oë na die hemel opgehef*** *en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik —*

# Oë toe of oop?

***LUK 18:13*** *En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig!*

*> By implikasie, was dit dus die gewoonte om jou oë op te hef na die hemel.*

# *Lank of kort?*

***MAT 6:7*** *En as julle bid, gebruik nie 'n* ***ydele herhaling*** *van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul* ***baie woorde*** *verhoor sal word.*

***MARK 12:40*** *...hulle wat die huise van die weduwees opeet en* ***vir die skyn lang gebede doen****. Hulle sal 'n swaarder oordeel ontvang.*

# Lank of kort?

**NEH 2:4-5** *Daarop vra die koning my: Wat is dan jou begeerte?* ***En ek het tot die God van die hemel gebid*** *[5] en aan die koning gesê: As die koning dit goedvind en as u dienaar welgevallig is in u oë, stuur my dan na Juda, na die stad waar my vaders begrawe lê, dat ek dit kan opbou.*

# *Lank of kort?*

***LUK 18:13-14*** *...maar het op sy bors geslaan en gesê:* ***o God, wees my, sondaar, genadig!*** *[14] Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan...*

# Lank of kort?

***LUK 6:12*** *EN Hy het in daardie dae uitgegaan na die berg om te bid* ***en die nag in die gebed*** *tot God deurgebring.*

***MAT 26:40*** *En Hy kom by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: So was julle dan nie in staat om* ***een uur*** *saam met My te waak nie?*

# Alleen of saam?

***MAT 6:6 Maar jy, wanneer jy bid**, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is;*

***MARK 1:35** En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na 'n **eensame plek** vertrek en daar gebid.*

***LUK 5:16** Maar Hy het Hom in **verlate plekke** teruggetrek en gebid.*

# Alleen of saam?

***HAND 1:14 Hulle almal** het eendragtig volhard in gebed en smeking, saam met 'n aantal vroue en Maria, die moeder van Jesus, en met sy broers.*

***HAND 12:12** En nadat dit vir hom duidelik geword het, kom hy by die huis van Maria, die moeder van Johannes wat ook Markus genoem word, **waar baie in die gebed bymekaar was.***

# ANTWOORD GOD ELKE GEBED NA ONS GELANG?

*Clarion Call*

***II KOR 12:7-9** En dat ek my oor die voortreflikheid van die openbaringe nie sou verhef nie, is my 'n doring in die vlees gegee, 'n engel van die Satan, om my met die vuis te slaan, dat ek my nie sou verhef nie. [8] Hieroor het ek die Here **drie maal gebid**, dat hy van my sou wyk. [9] En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring...*

***DIE VERHAAL VAN DAWID WAT VIR SY SIEK KIND GEBID HET***

***II SAM 12:16-20***

***MAT 26:39, 42***

*[39] En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, **as dit moontlik is**, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, **maar soos U wil**.*

*[42] Weer het Hy vir die tweede maal gaan bid en gesê: My Vader, **as hierdie beker nie by My kan verbygaan** sonder dat Ek dit drink nie, **laat u wil geskied.***

# *MAAR WANNEER GOD ANTWOORD…*

# Liza De Beer

*Ek het standerd 9 en matriek klaargemaak in 'n jaar deur die pos. Maar, my Wiskunde punt het tragies gelyk. Ek wou toe gaan swot. Ek het aansoek gedoen met te min punte om te kwalifiseer vir my kursus. Maar ek het die Almagtige God gevra om my te help. En as dit Sy wil was dat ek Grafiese Ontwerp moet studeer, dat Hy vir my die deure sou oopmaak. Eks aanvaar sonder enige vrae. Ek het in 3 jaar klaargemaak en dit verskriklik geniet. Toe word ek self 'n dosent daar en toe vind ek uit dat alle studente 'n kunsportfolio moet inhandig. Ek het nie en ek het nie genoeg punte gehad nie. Maar God!*

# Malie Morrison

*Ek was op toer in Kroasië saam vriende en na 'n lang dag op toer in die hoofstad ontdek ek die aand dat my sakkie met my paspoort en geld weg is. Ek het die volgende dag agter gebly in die hoofstad saam met die toergids en na verskeie polisie stasies gegaan, opsoek na my verlore sakkie. Weens die verskil in taal, was die kommunikasie geweldig moelik en uiteindelik was die soektog onsuksesvol. Uit mismoed het ek gebid, "Here, asseblief, help my net nou." En toe ek my oë oopmaak en op kyk, stap 'n vrou met n pienk trui in, met my paspoort in haar hand. Ek weet tot vandag toe nie wie sy was of waar sy my paspoort gekry het nie.*

# Philip Meyer

*Tydens my terugkeer na Rusland, het ek in Kaïro oorgebly en na 3 dae besluit om die stad te voet, te verken. Ekt binne 2 ure hopeloos verdwaal en alles was vreemd en onbekend. Selfs my kaart het my nie gehelp nie. Ekt die middag n belangrike afspraak by die Russiese konsulaat gehad en kon nie bekostig om laat te wees nie. Ek het stilgestaan in 'n stil straat, my oë toegemaak en gebid: "Vader, ek is verdwaal. Help my asseblief terug na my hotel toe." Toe ek opkyk, staan daar 'n jong man met 'n breë glimlag vlak voor my. "Jy's verdwaal, né?" vra hy in Engels. "Ja ek is," stammer ek.*

# Philip Meyer

*Hy vra waarheen ek op pad is, maar al wat ek kon onthou is die naam van die klein hotel waar ek tuis was. "Geen probleem nie," antwoord hy. By die naaste Metrostasie koop hy vir my ’n kaartjie, wys my die regte rigting en weier my geld. “Jy is ’n Christen, né?” vra ek onverwags. “Ja, ek is” antwoord hy met sy breë glimlag. Ek begin stap na die roltrap toe. Vyf treë later draai ek om om hom te groet, maar - die voorportaal is leeg. Net ek — en ’n kaartjie in my hand.*

# Rean Steenkamp

*Ek het rumatiekkoors gekry net na ek 16 jaar oud geword het. Na omtrent nege maande is weer bloed getrek en is gevind ek het steeds rumatiekkoors, maar ook klierkoors. Ek het toe die aand gebid en ek kon voel iets kom oor my (Die Heilige Gees). 'n Week later is weer bloed getrek, maar ek was gesond. Die rumatiekkoors was weg.*

# Jamandus Lotz

*My dogter was omtrent 2 jaar oud en was baie geheg aan haar “bersie”. ‘n Baie spesifieke kombers waarmee sy gaan slaap het. Die aand kry ons die kombers nêrens nie en sy weier om te slaap, met baie trane daarby. Ons soek deur elke plek in die huis. Onder en in elke bank, tafel, kas, tuimeldroër. Ek dink ons was tot by die bure se huis. Geen sukses. Ons sien toe as ons nie vir “bersie” kry nie, gaan niemand slaap nie. Ek doen ‘n skiet gebed en vind myself binnekort in die garage. Ek is nie juis seker wat ek in die garage soek nie, maar iets trek my aandag na ‘n ou, vergete rugsakkie op die grond. Ek zip hom oop en daar is haar bersie opgevrommel in die rugsakkie.*

# DIE KRAG VAN GEBED

